Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 30 MEI 2019 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Bekebu, Z (ANC)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker rig 'n woord van verwelkoming aan die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede, amptenare, die media en lede van die publiek. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan me Vuyelwa Sovile (Edna) wat as tolk in die afwesigheid van mnr Dapula optree.

Die Speaker versoek rdl D B Philander om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Mei verjaar.

Die Speaker spreek die Raad toe en versoek die volgende dat:

(1) Raadslede hulle moet weerhou van wanordelike gedrag (soos met die laaste raadsvergadering) en dat daar strenger teen raadslede opgetree sal word;
(2) Raadslede hulle moet vergewis van die inhoud van die agenda;
(3) Raadslede nie hul selfone gedurende 'n raadsvergadering mag gebruik nie.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh B J Stanley.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 25 APRIL 2019

Die ANC, by monde van rdl B J Penxa, verwys na item 7.1 van die agenda waar daar in die aanhef (onderskeidelik paragrawe 6 en 8) verwys word dat, rdl Penxa, op 'n punt van orde die Speaker tot orde wou roep en dat hulle (lede van die ANC) hul optrede gebaseer het op die hantering van die vergadering.

Rdl N S Zatu hou die toepaslike paragrawe uit die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings aan die Raad voor en versoek beide rdle Penxa en Zatu dat die skrywe insake wanordelike gedrag teruggetrek word.

By die gebrek aan enige formele voorstel deur die ANC, word kennis geneem van die opmerkings deur rdle Penxa en Zatu en word daar geen verdere besluit in hierdie verband geneem nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 25 April 2019 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig aan die volgende wysiging en toevoeging:

ITEM 7.1: GOEDKEURING VAN DIE 2018/2019 SPESIALE AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING

Paragraaf 1 (2): herallokasie van fondse ... ten bedrae van R4 miljoen (in plaas van R5 miljoen) ...

Paragraaf (g): invoeging van die onderstaande tabel:

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Oorrol Aansuiwerings begroting 2018/2019	Spesiale Aansuiwerings begroting 2018/2019	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2018/2019	Vierde Aansuiwerings begroting 2018/2019	Increase / (- Decrease)
Kapitaalbegroting	R 87 245 909	R 94 009 363	R 102 890 363	R 98 785 331	R 101 860 331	R 3 075 000
Bedryfsuitgawes	R 698 278 426	R 699 811 714	R 676 259 498	R 693 672 465	R 694 597 465	R 925 000
Bedrysinkomste	R 746 205 036	R 751 554 438	R 736 846 222	R 761 793 817	R 765 793 817	R 4 000 000
Begrote (Surplus)/ Tekort	(R 47 926 610)	(R 51 742 724)	(R 60 586 724)	(R 68 121 352)	(R 71 196 352)	(R 3 075 000)
Minus: Kapitaal Toekennings	R 36 975 000	R 40 791 114	R 49 672 114	R 51 972 114	R 55 047 114	R 3 075 000
(Surplus)/ Tekort	(R 10 951 610)	(R 10 951 610)	(R 10 914 610)	(R 16 149 238)	(R 16 149 238)	R -

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 17 APRIL 2019
saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 10 APRIL 2019

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 2 APRIL 2019

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 AANBEVELING: GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2019 TOT 30 JUNIE 2020 MET INAGNEMING VAN WYSIGINGS BY VERSKEIE DEPARTEMENTE

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur is tydens 'n Arbeidsforumvergadering gehou op 14 Mei 2019 deur die vakbonde aanvaar vir verdere aanbeveling via die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 22 Mei 2019 aan die Raad.

Rdl N S Zatu spreek sy kommer uit dat die biblioteke nie voortaan na-ure asook op Saterdae vir die publiek oop sal wees nie, waarop die Direkteur: Korporatiewe Dienste antwoord dat die besluit nie ligtelik geneem is nie en gebaseer is op die feit (1) dat biblioteke die enigste gemeenskapsfasiliteit is wat nog op Saterdae oop is, (2) dat die sirkulasiesyfers van biblioteke drasties afgeneem het en (3) dat statistieke toon dat biblioteke op Saterdae hoofsaaklik gebruik word om boeke om te ruil, en nie vir navorsingsdoeleindes nie.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur word volledig toegelig in die verslag tot die sakelys.

BESLUIT
(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

(a) Dat die volle organisasiestruktuur, met inagneming van die wysigings aan die organisasiestruktuur ten opsigte van Korporatiewe Dienste, Finansiële Dienste, Beskermingsdienste, Siviele Ingenieursdienste en die Kantoor van die Munisipale Bestuurder, deur die Raad goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Julie 2019;

(b) Dat kennis geneem word dat 'n werkstudie-ondersoek (*O&M-study*) nie in die 2018/2019 finansiële jaar onderneem sal word nie en dat die studie sowel as die befondsing daarvan in die 2019/2020 boekjaar oorweeg sal word.

7.2 WYSIGING VAN DIE SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk verseker (1) die strewe na geïntegreerde, volhoubare en leefbare omgewings, (2) dat ontwikkeling gebaseer is op die visie en ruimtelike beginsels wat ooreengekom is en (3) die skep van sosio-ekonomiese geleenthede.

Die wysiging van die ROR het gefokus op drie ontwikkelingsareas, naamlik (1) behuisingsgeleenthede, (2) begraafplase en (3) institusionele ontwikkeling.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat die Raad die finale konsep van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) vir die totale regsgebied van Swartland ingevolge artikel 7(3) van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017) aanneem, onderhewig aan die volgende:

7.2/...

(a) Die Raad moet binne 14 dae vanaf besluitneming in die media en die Provinsiale Koerant kennis gee van sy besluit;
(b) Die Munisipale Bestuurder moet binne 10 dae vanaf besluitneming handel in terme van artikel 14(1) van die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014) ten opsigte van rapportering aan Provinsie;
(c) Daar volstaan word met die kommentaar op die publieke insette soos in die aanhangsel vervat en dat die persone/instansies wat in die publieke deelnameproses kommentaar gelewer het van die Raad se besluit en reaksie in kennis gestel word;
(d) Alle toekomstige ontwikkelingsaansoeke aan die beginsels van die ROR oorweeg en geëvalueer sal word;
(e) Die aksieplanne jaarliks uit die ROR na die GOP-proses vir befondsing verwys word en dat spesiale pogings jaarliks aangewend sal word om uitvoering aan die aksieplanne te gee.

7.3 WYSIGING VAN DIE 2017-2022 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, om die wysigings van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), wat te weeg gebring is deur die tweede hersiening van die GOP, ter tafel te lê.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel, as deel van die voorlegging, die insette op die GOP wat vanaf die ANC-koukus ontvang is.

Rdl D B Philander, ter bevestiging, noem dat daar sekere aspekte is wat nie in die GOP reflekteer nie, onder andere, tydraamwerk vir bereiking van doelwitte teen 3030 van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NDP), ekonomiese bemagtiging om gelykheid te bewerkstellig, ondersteuning aan opkomende boere, uitwissing van emmerstelsel (met verwysing na Silvertown, Chatsworth), fokus op bewaring van die omgewing en om munnisipale geboue meer vriendelik te maak vir gestremdes.

Die Munisipale Bestuurder, in antwoord op rdl Philander se opmerkings, noem, onder andere, dat die Raad toepaslike platforms moet gebruik om nasionale en provinsiale regering te versoek om onbefondse mandate, soos die ondersteuning aan opkomende boere wat nie ‘n munisipale funksie is nie, oor te neem.

Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring, en word (in die afwesigheid van een raadslede) beslis met 15 DA-raadslede wat ten gunste daarvan stem, en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd M S I Goliath)

(a) Dat die wysiging van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne goedgekeur word;

(b) Dat kennis geneem word van die ANC se kommentaar en dat daar volstaan word by die reaksie op gemelde kommentaar in Aanhangsel A.

7.4 GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, VERORDENING(E), EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2019/2020, 2020/2021 EN 2021/2022 (5/1/1/1-2018/2019, 5/1/1/2-2018/2019 EN 5/1/4)

Die Uitvoerende Burgemeester, op versoek van die Speaker, lê die item ter tafel en beklemtoon sekere aspekte uit die verslag.

Die insette ontvang gedurende die publieke deelnameproses vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging en mnr Johan Sadie word voortaan behandel en die kommentaar en aksies voortspruitend vir oorweging deur die Raad.

‘n Vergelyking tussen die 90- en 30 dae Kapitaal- en Bedryfsbegroting word gedoen ten einde die Raad in te lig aangaande die wysigings sedert Maart 2019.

7.4/...

Die Uitvoerende Burgemeester versoek die Bestuurspan om kortings aan deernisgevalle op ander dienste (uitgesluit basiese dienste waarop subsidie reeds ontvang word) te oorweeg, byvoorbeeld afslag op aankoop en voorbereiding van grafte.

Daar sal oor die volgende drie jaar op die volgende spesiale projekte gefokus word, naamlik:
(1) Uitgebreide opvoedingsprogram in gemeenskappe om rommelstrooi te bekamp as deel van die Vergroeningsprojek;
(2) Beveiligingsinisiatiewe in alle wyke deur middel van, onder meer, die instelling en ondersteuning van straatkomitees;
(3) Aanplant van bome as deel van RSEP-projek.

Die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings, gewysigde begrotingsverwante beleide, heffing van eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings vir 2019/2020, 2020/2021 en 2021/2022 word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 15 DA-raadslede ten gunste daarvan, en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

(a) Dat daar kennis geneem word van die publieke en provinsiale insette wat ontvang is en dat die reaksie en kommentaar ***(Annexure E, Inputs received on Draft Budget)*** daarop as aanbevelings deur die Begrotingsbeheerkomitee en Uitvoerende Burgemeesterskomitee, insoverre dit verband hou met die 2019/20 MTREF Konsep Begroting, aanvaar word;

(b) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur (e) wie die koste bevestig het soos per ***(Annexure A, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Capital Projects ito Sec 19)***;

(c) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in ***(Annexure B, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Capital Projects ito Sec 19)***, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

(d) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Final Budget 2019/2020	Final Budget 2020/2021	Final Budget 2020/2021
External Loans	R 22 631 209	R 27 368 791	R -
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 54 065 363	R 67 024 928	R 83 369 556
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 21 301 000	R 22 285 000	R 23 700 000
Dept. Human Settlements	R 32 480 000	R 31 800 000	R -
Integrated National Electrification Programme	R 5 000 000	R 10 000 000	R 10 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 370 000	R -	R -
RSEP / VPUU	R 4 000 000	R 2 000 000	R -
Community Safety Grant	R 10 000	R 10 000	R 10 000
Fire Service Capacity Building Grant	R -	R 841 000	R -
Energy Efficiency Demand Side Management	R 4 000 000	R 5 000 000	R 6 729 000
GRAND TOTAL	**R 143 857 572**	**R 166 329 719**	**R 123 808 556**

(e) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 2 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

7.4/...

(f) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per ***(Annexure A, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Final Budget and Tariff File)***;

(g) Dat die finale meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2019/2020 - 2021/20221 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA;

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Aansuiwerings begroting 2018/2019	Finale Begroting 2019/2020	Finale Begroting 2020/2021	Finale Begroting 2021/2022
Kapitaalbegroting	87 245 909	101 860 331	143 857 572	166 329 719	123 808 556
Bedryfsuitgawes	698 278 426	694 597 465	749 828 067	789 665 123	856 817 754
Operating Revenue	746 205 036	765 793 817	830 826 697	902 095 255	936 456 542
Begrote (Surplus)/ Tekort	**(47 926 610)**	**(71 196 352)**	**(80 998 630)**	**(112 430 132)**	**(79 638 788)**
Minus: Kapitaal Toekennings	36 975 000	55 047 114	67 161 000	71 936 000	40 439 000
(Surplus)/ Tekort	**(10 951 610)**	**(16 149 238)**	**(13 837 630)**	**(40 494 132)**	**(39 199 788)**

(h) Dat die Raad in beginsel die opneem van 'n eksterne lening/s ten bedrae van R50 000 000 goedkeur vir die gedeeltelike finansiering van die Moorreesburg- en Darling Rioolwerke in die meerjarige kapitaalbegroting vir 2019/20 tot 2020/21 finansiële jare, deur die mark te toets soos beoog deur die MFMA artikel 46 vir die versoek van tenders van die finansiële instellings (verwys asseblief na die impak soos vervat in die skedules vir die voorgestelde lening vir doeleindes van publieke advertering en finale goedkeuring in Mei 2019) ***Annexure A, Section 2: 2019/20 – 2021/22 Final Budget and Tariff File***;

(i) Dat in beginsel goedkeuring verleen word aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die mark te toets vir doeleindes om uitvoering te gee aan Artikel 46 van die MFMA ten opsigte van die oopneem van ‘n kapitale lening/s tot ‘n bedrag van R50 000 000; per die vereistes van Artikel 46 van die MFMA vir die spesifieke doel om die voormelde rioolwerke gedeeltelik te finansier;

(j) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse vir die 2019/20 finansiële jaar goedkeur as finaal soos onder gelys en in die belastingbeleid;

Kategorieë van eiendomme	**Tariewe (c/R)**
Residensiële eiendomme	0,6490
Vakante eiendom	0,8580
Industriële eiendomme	0,8580
Sake eiendomme	0,8580
Landbou eiendomme (wat gebruik word vir landbou doeleindes)	0,1623
Landbou eiendomme wat gebruik word vir ekotoerisme	0,8580
Landbou eiendomme wat gebruik word vir handel in of jag van wild	0,8580
Mynbou eiendomme	0,8580
Eiendomme wat deur ‘n staatsorgaan besit word vir openbare dienste doeleindes	0,8580
Openbare dienste infrastruktuur	0,0000
Eiendomme wat deur ‘n openbare weldaadsorganisasies besit word: (i) welsyn en humanitêre organisasies; (ii) kulturele organisasies; (iii) sportorganisasies;	0,8580

(iv) bewarings-, omgewings- en dierebeskermingsorganisasies; (iv) gesondheidsorganisasies; en (v) onderwys en ontwikkeling	
Eiendomme wat vir meerdoelige doeleindes gebruik word	óf 0,8580 óf 0,6490 óf 0,1623, afhangende van gebruik
Eiendomme in landelike gebied wat gesoneer is vir besigheidsdoeleindes of eiendomme ten opsigte waarvan vergunningsgebruik ingevolge die munsipaliteit se soneringskemaregulasies goedgekeur is	0,8580
Munisipale eiendomme	0,0000
Informele nedersettings, insluitend die wat voorkom op grond wat nie in residensiële erwe onderverdeel is nie	0,6490
Eiendomme verkry deur die Wet op Voorsiening van Grond en Bystand, 1993 (Wet 126 van 1993) of die Wet op die Herstel van Grondregte, 1994 (Wet 22 van 1994); of die Wet op Gemeenskaplike Eiendomsassossiasie, 1996 (Wet 28 van 1996)	óf 0,8580 óf 0,6490, afhangende van gebruik
Bewaringsareas	0,0000
Beskermde gebiede (uitgesluit residensiële en enige ander eiendom wat daarop geleë is)	0,0000
Nasionale monumente	0,0000
Staatseiendom	0,8580

(k) Dat die afslag aan gestremde persone en senior burgers soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid beperk word tot 'n maksimum van R300 000 vir die 2020/21 finansiële jaar onderhewig aan ‘n aansoek in die voorgeskrewe formaat soos per die voorskrifte van die Hoof Finansiele Beampte bepaal;

(l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in ***(Annexure A: 2019/20 – 2021/22 Final Budget and Tariff File)*** goedkeur as finaal;

(m) Dat die Raad die elektrisiteitstariewe vir die 2019/2020 finansiële jaar goedkeur as finaal, met inagneming dat dit steeds onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

(n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in ***(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2019/20 – 2021/22)*** goedgekeur word as finaal;

(o) Dat die finale gewysigde begroting en verwante beleide, die gewysigde Kredietbeheerbeleid en Skuldinvorderings Verordening en die gewysigde Eiendomsbelasting Beleid en Verordening soos vervat in ***(Annexure D: Final Budget & Related Policies and By-Laws 2019/20)***, goedgekeur word as finaal;

(p) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot 0,83% van die salarisbegroting ten bedrae van R1 805 366 vir die 2019/20 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;

(q) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **6.5%** vir 2019/2020; **6.25%** vir die 2020/21 en **6%** vir 2021/22 finansiële jare onderskeidelik, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging;

7.4(q)/...

- Ten opsigte van die ander artikel 56-aanstellings (uitgesluit Munisipale Bestuurder, Hoof Finansiele Beampte en Direkteure: Siviele Dienste en Ontwikkelingsdienste) 'n **6.5%** verhoging met ingang van 1 Julie 2019;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **5%** verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

(r) Dat die Raad spesifiek kennis neem van die feit dat bestuur beide die finansiële en diensleweringsimpakte oorweeg het wat die Arbeidsverhoudinge Wet op kontrakaanstellings gehad het en dat die salarisrekening sal verhoog met R4 510 139,84 as gevolg van die wysigings aan die organisasiestruktuur met betrekking tot Korporatiewe Dienste, Finansiële Dienste, Beskermingsdienste en Siviele Ingenieursdienste vir implementering met ingang van 1 Julie 2019 en het gelei tot 'n afname in beplande begrote surplusse oor die MTREF;

(s) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die totale groei in uitgawes van **8%** vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar hoofsaaklik as gevolg van die verwagte hoë verhoging in elektrisiteits bulk aankope en groei in inkomste van slegs **8.5%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7 en SA8)** vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **11.2 maande** vir 2019/2020, **11 maande** vir 2020/2021 en vir 2021/22 is dit **10.7 maande**;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2019/2020 'n bedrag van **R 80 998 630**; 2020/202 'n bedrag van **R 112 430 132** en 2020/2021 'n bedrag van **R 79 638 788 (kapitale toekennings ingesluit)**;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2019/2020 'n bedrag van **R 13 837 630**; 2020/202 'n bedrag van **R 40 494 132** en 2020/2021 'n bedrag van **R 39 199 788 (kapitale toekennings uitgesluit)**;

(t) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(u) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.3 soos vereis deur Nasionale Tesourie;

7.5 VIERDE WYSIGING VAN DIE 2018/2019 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die goedkeuring van die Spesiale Aansuiweringsbegroting deur die Raad op 25 April 2019, noodsaak die wysiging van die SDBIP.

Die gewysigde SDBIP is apart tot die sakelys gesirkuleer vir toekomstige verwysing.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die vierde wysiging van die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2018/2019 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.6 VOORLEGGING VAN (1) KONSEP WATER- EN SANITASIEDIENSTE WYSIGINGS-VERORDENING, (2) KONSEP VERORDENING INSAKE DIE INSTALLASIE VAN TELEKOMMUNIKASIE-INFRASTRUKTUUR (1/1)

Hoofstuk 8 van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings (PK 7501 van 2 Oktober 2015) bepaal die proses vir die aanvaarding van verordeninge. Die konsep verordeninge is dus ter voldoening aan paragrawe 56 en 57 deur die Uitvoerende Burgemeester op 22 Mei 2019 oorweeg vir voorlegging aan die Raad.

7.6/...

Ten opsigte van die Water- en Sanitasiedienste Wysigingsverordening:
Die doel van die wysiging van die Verordening is om die omstandighede vir en vasstelling van waterbeperkings meer duidelik uiteen te sit, en om spesifiek voorsiening te maak dat die nie-nakoming tot 'n misdryf kan lei.

Ten opsigte van die Verordening insake die Installasie van Telekommunikasie-infrastruktuur
Die Wet op Elektroniese Kommunikasie 2005 (Wet 36 van 2005), verleen uitgebreide bevoegdhede aan die sogenaamde elektroniese kommunikasienetwerkdiens-lisensiehouers.

Die Grondwetlike Hof het egter bevind dat alhoewel daar aan die lisensiehouers sekere magte ingevolge nasionale wetgewing verleen word, daar ook aan munisipale verordeninge voldoen moet word.

Die doel van hierdie verordening is dus om voorsiening te maak vir meganismes om die installasie van elektroniesekommunikasiefasiliteite wat ‘n effek op die Munisipaliteit se eie dienste-infrastruktuur kan hê te reguleer en te bestuur.

Die konsep verordeninge word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 15 DA-raadslede ten gunste daarvan, en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

(a) Dat die Raad beginselgoedkeuring verleen vir die aanvaarding van die volgende konsepverordeninge:
- Swartland Munisipaliteit: Water- en Sanitasiedienste Wysigingsverordening
- Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Installasie van Telekommunikasie-infrastruktuur

(b) Dat die konsep verordeninge vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.7 KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISMEVERENIGING: HERNUWING VAN DIENSVLAKOOREENKOMS (9/1/3/B)

’n Diensvlakooreenkoms is aangegaan met die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging (STO) om die toerismefunksie namens die Munisipaliteit te verrig.

Tydens ’n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 April 2019 is daar aanbeveel dat die diensvlakooreenkoms met ’n verdere jaar verleng word om geleentheid te gee vir gesprekvoering met rolspelers om die toerismemodel te hersien.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van een raadslid) met 15 DA-raadslede ten gunste daarvan, en die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die ondertekening van ‘n Diensvlakooreenkoms met die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging met ingang van 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020, gebaseer op dieselfde terme en voorwaardes as die huidige ooreenkoms;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Diensvlakooreenkoms namens die Raad te onderteken om die Raad se wetlike mandaat insake toerisme te volvoer.

7.8/...

7.8 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselswet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkeling en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

Die aanhangsel tot die sakelys behels die derde hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 11 Augustus 2016 deur die Raad aanvaar is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die wysigings tot die Stelsel van Delegasie (3de Hersiening) soos vervat in Aanhangsel A goedgekeur word, en kennis geneem word van die wysigings soos vervat in Aanhangsels B en C;

(b) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die munisipale bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasies.

7.9 AANWYS VAN RAADSLEDE AS KOMMISSARISSE VAN EDE (3/B)

Die konsep beleid insake die Aanwys van Raadslede as Kommissarisse van Ede is tydens 'n Portefeuljekomiteevergadering gehou op 10 April 2019 aan raadslede bekend gestel. Raadslede is versoek om kommentaar op die konsep beleid in te dien teen nie later nie as 30 April 2019 – geen kommentaar is ontvang nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl V D McQuire, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die aangehegte Beleid insake die Optrede van Munisipale Raadslede in hul hoedanigheid as Kommissarisse van Ede met onmiddellike effek deur die Raad goedgekeur word;

(b) Dat elke raadslid 'n ooreenkoms sal onderteken wat bevestig dat daar onderneem word om

<u>t.o.v. alle raadslede:</u>
(i) die verantwoordelikhede ingevolge die Beleid na te kom;

<u>t.o.v. wyksraadslede:</u>
(ii) die stempel op eie koste te vervang indien dit sou gebeur dat die stempel verlore is;
(iii) ingevolge paragraaf 12 van die Beleid die stempel terug te besorg;

(c) Dat wyksraadslede in kennis gestel sal word wanneer die stempels gereed is om afgehaal te word, maar dat daar vir die interim – ook vir die res van die raadslede – van die stempels by die munisipale hoofkantoor en kantoor van die burgemeester gebruik gemaak word.

GETEKEN:
SPEAKER